# NEHUSTAN

## Die Slang op die Paal

Daar is iets in Ex. 17:8 – 16 waaroor ons moet peins, want juis daar is ‘n Monument, ‘n aandenking.

> Ex. 17:14 “Toe sê JaHUaH vir Moses: Skrywe dit as ‘n aandenking in ‘n boek en prent dit Josua in, dat Ek die gedagtenis van Amalek onder die hemel heeltemal sal uitdelg.”
>
> Ex. 17:15 “En Moses het ‘n altaar gebou en dit genoem: **JaHUaH is my banier.”**

“JaHUaH is My Banier” is: “JHUH Nissi” in Hebreeus.

Dit bestaan uit: JHUH + “Nissi”.

“Nissi” is H5251 en hier beteken dit: “My Banier” – wat afkomstig is vanaf H5264 “Nasas”, wat beteken: “Banner, Pole, Ensign, signal, flag, sail, flagstaff”.

Ons word dus hierdie baie spesifieke simboliek gegee, wat geassosiëer word met hoe ons Amalek deur die geslagte heen kan verslaan. Dit word opgeteken in ‘n “Boek” as ‘n Gedenkteken.

As ons na Jes. 5:26 gaan, vind ons dat JaHUaH die Nasies wat ver is (Haggoyim merachok) oproep deur H5251 te hys en te fluit vir daardie mense en dat hulle dan vinnig sal kom.

> Jes 5:26 En Hy sal ‘n **banier ophef** vir die **nasies in die verte**, en Hy **fluit** vir dié volk daar aan die einde van die aarde; en kyk, gou, haastig kom hulle.

Dan ‘n paar van ons gunstelingskrifte ...

In Jes. 11:1 – 5 lees ons van die “Seun van Dawid” uit die stomp van Isai as die Wortel-Spruit, wat sal staan as ‘n Banier of Vlag (H5251) vir die volke (vers 12) en in verse 6 – 9 is die vrede onder Sy Regering of onder sy Orde die gevolg, weens die Geestelike Transformasie van die vervulde MelekTzadekorde.

> Jes. 11:1 Maar daar sal ‘n **takkie uitspruit** uit die **stomp van Isai**, en ‘n loot uit sy wortels sal vrugte dra;
> Jes. 11:2 en **op Hom sal die Gees van JaHUaH rus**, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van JaHUaH.
> Jes. 11:3 En Hy het ‘n welgevalle aan die vrees van JaHUaH en Hy sal nie regspreek na wat sy oë sien nie, en nie oordeel na wat sy ore hoor nie;
> Jes. 11:4 maar aan die **armes** sal Hy in geregtigheid **reg doen** en die sagmoediges van die land met billikheid oordeel; maar Hy sal die aarde slaan met die **roede van sy mond** en met die asem van sy lippe die goddelose doodmaak.
> Jes. 11:5 En geregtigheid sal die gordel van sy lendene en trou die gordel van sy heupe wees.

Jes. 11:10 is krities as ons reg wil verstaan van dit wat vir ons getoon word en dis nie enige godsdienstige namaaksel wat die Nasies sal soek of volg of aanbid nie.

Jes. 11:10  En in dié dag sal die nasies vra na die **wortel van Isai**, wat daar staan **as 'n banier van die volke**, en sy rusplek sal heerlik wees.


In Jes. 11:12 – 13 is die **Banier** se boodskap **op 'n Paal**/Vlagstok of dan op 'n Embleem **van JaHUaH** en dit is wat die uitgeworpenes en die **verstrooides** van **Israel** nader trek en waar die **naywer** van **Efraim** en die **teëstanders** ("troubles") van **Juda** sal **eindig** in 'n Herstelde Eenheid.

Jes. 11:12  en Hy sal '**n banier ophef vir die nasies** en **bymekaar laat kom** die seuns van **Israe**l wat verdryf is, en versamel die dogters van **Juda** wat verstrooi is, uit die vier hoeke van die aarde.
Jes. 11:13  Dan sal die naywer van **Efraim** verdwyn, en die teëstanders van Juda sal uitgeroei word; Efraim sal Juda nie beny nie, en Juda sal Efraim nie benoud maak nie.

Dit is Messias JaHUsha en die **herstelde MelekTzadekorde** asook die **herstelde twee Huise**, wat beteken dat die Rabbiniese, Levitiese, Messiaanse en Hebreeuse Wortels se leringe dan geen basis het nie.

In Ex. 17:12 sien ons dat Moses op 'n Klip sit bo-op die top van die Heuwel met Aäron en Hur aan elke kant van hom om Moses se hande te "ondersteun of te stut" soos wat hy die Staf/Roede van Elohiem vashou. Dit het 'n simboliese konneksie met Num. 21:8.

Ex. 17:12  Maar die **hande** van Moses het swaar geword; daarom het hulle 'n **klip** geneem en dit onder hom neergelê, dat hy daarop kon sit. En **Aäron en Hur** het sy hande ondersteun, die een duskant en die ander anderkant. So het sy hande dan vas gebly tot sononder.




Wat is die simboliek van die hele prentjie wat simbolies die MelekTzadekorde uitbeeld?

- Die Heuwel dui op die plek waar die **Rooi Vers** geoffer is.
- Die Klip (Even/Ab + ben = Vader + Seun) dui op die "voortsetting van die Huis", die klip van Dan. 2:34 – 45, die **Koninkryk van die Hemel**.
- Moses dui op die **Torah van JaHUaH**.
- Aäron dui op **Priesterskap**.
- Hur dui op 'n Administrateur soos 'n **Koning** (Ex. 24:14).
- Die Staf is die Banier/Paal/**Folterpaal** wat deur alles in die prentjie ondersteun word.

Dit alles is nodig om Amalek te kan oorwin **terwyl** JaHUsha die stryd voer. Net soos die Saraph (slang) wat Moses aangesê was om op 'n Nissi, H5251 (Moses se Staf?) te sit in Num. 21:8 – 9.

> Num. 21:8 Daarop sê JaHUaH aan Moses: Maak vir jou 'n giftige **slang** en **sit dit op 'n paal**; dan sal elkeen wat **gebyt is** en daarna kyk, **lewe**.
> Num. 21:9 Toe het Moses 'n koperslang gemaak en **dit op 'n paal gesit**: en **as 'n slang iemand gebyt het** en hy **kyk na die koperslang**, het hy **in die lewe gebly**.

Messias het in Joh. 3:14 gesê:

> "Soos Moses **die slang in die woestyn verhoog het**, so moet die Seun van die mens **verhoog** word."

Ons het die boodskap vanuit Ex. 4:1 – 4 waar Moses se Staf 'n Slang geword het, en dan weer 'n Staf....

Dus, soos wat Messias na die **Folterpaal** gegaan het, het Hy die **sonde van die Slang** vir ons **op Hom geneem** en die prys betaal en daarna **is Hy weer Volmaak opgewek.**

Volgens Ex. 14:16 is die Staf om "**Tekens te gee"** wat verband hou met **Verlossing** terwyl dit verteenwoordigend is van **JaHUaH se Almag** en **Outoriteit** om <u>te kan Red</u>.

> Ex. 14:13 Maar Moses het aan die volk gesê: Wees nie bevrees nie, staan vas en **aanskou die verlossing van JaHUaH** wat Hy vandag vir julle sal bewerk; want soos julle die Egiptenaars vandag sien, sal julle hulle nie weer sien in ewigheid nie.
> Ex. 14:14 **JaHUaH sal vir julle stry**, en julle moet stil wees.
> Ex 14:15 Toe vra JaHUaH vir Moses: Wat roep jy na My? Sê aan die kinders van Israel dat hulle moet wegtrek.
> Ex. 14:16 En jy, **hef jou staf op** en steek jou hand uit oor die see en kloof dit, **sodat** die kinders van Israel **dwarsdeur die see op droë grond kan trek**.

Dit is die Swaard van die Gees en die Woord van Waarheid, die **Volbragte werk** van Messias JaHUsha op die Folterpaal, wat **opgehou moet word** deur die **toepassing** (die hande op die staf) van **JaHUaH se Torah** op die **nuwe en lewende wyse** van die **Herstelde MelekTzadekorde**, terwyl dit ondersteun word deur die **Priesterskap en Administrasie** (Aäron en Hur) van die **MelekTzadekorde** se **Koninkryk van die Hemel** (die Klip) en dit is alles vervul in en deur Messias JaHUsha as die BANIER VIR DIE NASIES.

Tog moet ons mooi onderskei en gehoorsaam wees en nie **valse** onderrig gee nie, soos wat dit uitgebeeld word in Num. 20:7 – 13, toe **Moses 'n valse demonstrasie uitgevoer het** wat uitgebeeld het dat Messias meer as een keer geslaan kon word (ook Heb. 9 en Heb. 6:6).

Die woorde:

1. H226 "Oth" = Teken, en
2. H5251 "NeS" = Banier,

het komplimentêre betekenisse wat duidelik word uit die Simboliek van die Beeld in die Skrif.

Dit beteken: “Sterkte/Mag wat vorentoe beweeg het na ‘n bepaalde Merk”, met “Oth” as die Teken of Baken (JaHUsha as die Offerlam) en “NeS” as die Banier se “Paal” of stok net soos wat die Staf ‘n tipe is van die “Stauros”-Boodskap wat die antitipe is. “Stauros” is die Grieks vir “Paal” (die Folterpaal dus), let wel, nie ‘n kruis nie.

Dit het dus alles gedui op die Baken van die Folterpaal waar JaHUsha die Slang se byt in ons plek geneem het.

Al wat ons moet doen om “Amalek" te oorwin, is om **te kyk en te lewe**, want **JaHUsha stry die stryd**.

Die profetiese beeld wat gegee is, het nooit ‘n kruis as simbool geopenbaar nie. Daar was net die Paal, soos diè waarop Moses die slang moes plaas. Dit was nie die Babiloniese Songodsdiens se kruis of ‘n Tammus Tau of ‘n Egiptiese Ankh nie.

Vraag ... Wie, al is dit deur die Mens, het Messias JaHUsha gefolter? Satan, of is dit die Vader, want Hy het gesê:

> “Ek lê my lewe af ... “.

En ... was Hy gefolter op **Satan se Simbool** of op die **Simbool van JaHUaH**, want die een was vir “**Tekens en Verlossing”** en die ander sal ‘n **namaaksel** wees.

Hou ook in gedagte, dat net soos met Nehustan, eindig mense op met die verkeerde fokus (2 Kon. 18:4), naamlik ‘n Liggaam op ‘n Kruis, die verering van die kruis, ensovoorts en dit is ‘n weerspreking van die tweede gebod.

> 2 Kon. 18:4 Hy het die hoogtes afgeskaf en die klippilare verbreek en die heilige boomstamme omgekap en die koperslang wat Moses gemaak het, stukkend gestamp, omdat die kinders van Israel **tot op dié dae daarvoor offerrook laat opgaan het**; en hy het dit **Nehústan** genoem.

Die slang op die paal, verteenwoordig dan die feit dat ons almal deur die slang “gepik” is want ons word in sonde gebore en doen sonde, maar JaHUsha het in ons plek die slang se “giftige byt” wat die dood aanbring, op Hom geneem. Daarna het Hy opgestaan uit die dood uit sodat ons ook kan lewe.

Dit is dan wat verhoog moet word soos ‘n wapperende vlag, sodat mense dit kan sien en daarop aanspraak maak vir hulleself.

Dit behels die hele evangelie in ‘n neutedop en is simbolies so verduidelik dat klein kinders dit kan verstaan!

Lees ook: Die Banier van JaHUaH”....

- https://melchizedekorder.home.blog/2018/12/21/die-banier-van-jahuah/

0-0-0-0-0-0

AndriYaH
Februarie 2015